# VILLA BULLETIN

*Nuusbulletin van/News Bulletin of Bougainvilla Aftree-oord/Retirement Village - 08/2022*


## NUWE DIREKTEURE

Baie geluk aan Magda van Zyl (Eenheid 143) en Bertus Pretorius (Eenheid 73) met hul aanstelling as gekoöpteerde direkteure van ons Huiseienaarsvereniging. Dankie aan hulle vir hul bereidwilligheid om te help met die bestuur van ons oord.

Daar lê 'n baie bedrywige jaar voor. Soos reeds vroeër deur ons aangedui is vernuwing en verjonging ook iets waarvoor beplan moet word. Ons sien uit na hul bydraes.

## ONS BOUPLANNE BRAAI EN KOFFIEWINKEL

Die planne vir die toebou van stoepe en die bou van die onderdak Braaiarea is uiteindelik goedgekeur deur die munisipaliteit. Soos meeste van u al opgemerk het, is daar onmiddellik begin met die bouery/brekery. Hierdie verbouings sluit die uitbreiding van die koffiewinkel na buite in. Die gevolg is dat die Braaiarea vir enkele maande nie beskikbaar sal wees nie. Vir begrafnisse sal toegang beperk of nie beskikbaar wees nie. Die ingang na die koffiewinkel sal, tot en met voltooiing van die projek, deur die eetsaal wees.

## ONS STOEPE

Fase twee is die toebou van die stoepe op die eerste en tweede verdiepings van die dienssentrum. Hierdie fase sal hopelik ook binne enkele weke kan begin. Enkele kwotasies, verskaffers ens. moet nog uitgesorteer word.

## DIE SONPANEELPROJEK

Binne 'n week nadat die bouplanne goedgekeur is, word die Sonpaneel-projek toe ook deur die munisipaliteit goedgekeur. Daar is reeds op 11 Augustus 2022 'n volledige terrein ondersoek deur die maatskappy wat dit gaan oprig, gedoen en Maandag 15 Augustus sal verdere opmetings gedoen word en konstruksie sal kort daarna begin. Daar sal veral van oorkant huis 211 tot by die kragopwekker en enkele ander plekke heelwat grawery plaasvind. Die sonpanele self se konneksies sal egter alles bo-oor die dakke bevestig wees en geen grawery tussen woonstelblokke word voorsien nie.

## KOSVOORSIENINGSKONTRAK VANAF 1 MAART 2023

Daar is 'n inligtingsessie gehou oor die moontlike kosvoorsieningskontrak wat van krag sal wees vanaf 1 Maart 2023. Daar was 'n baie goeie opkoms van inwoners. Die saal was tot oorlopens toe vol. Die voorlegging was soos volg:

Vyf kosvoorsiening maatskappye is gevra vir voorlopige voorleggings en om kreatief te dink en verskillende modelle wat beskikbaar sou wees aan ons voor te lê. Daar was 'n verskeidenheid opsies voorgelê. Enige verwysings na pryse hier is slegs ter illustrasie om effekte van opsies uit te wys.

Drie opsies was ten opsigte van verpligte etes; 30 (opsie 1), 16 (opsie 2) of 8 (opsie 3) verpligte etes per

maand per eenheid. Etes kan in so ’n geval oorgedra word indien u vir ’n tyd op verlof sou wees. Hoe meer verpligte etes hoe meer etes waaroor die oorhoofse kostes verdeel en verhaal kan/moet word en hoe goedkoper is die verpligte etes. Addisionele etes is in alle gevalle daarna proporsioneel goedkoper omdat oorhoofse kostes na die verpligte etes gedek is.

Daar is toe gevra wat die voorkeur sou wees, as net die drie opsies beskikbaar sou wees. Vir die opsie 1 van 30 verpligte etes was daar geen belangstelling nie. Vir die opsie 2 van 16 verpligte etes, was die aantal inwoners wat hul voorkeur daarvoor aangedui het met opsteek van hande “verbasend” groot. Toe die hande opgesteek word vir die 8 verpligte (opsie 3) etes, was daar ongeveer ewe veel hande wat opgesteek was.

Daarna is twee opsies voorgelê waar geen verpligte etes deel van was nie, maar slegs ’n vaste monetêre bedrag. Die een (opsie 4) is vir ’n vaste bedrag van ongeveer R600-R700 sonder ENIGE verpligting. Met die bedrag kan etes aangekoop word of enigiets vanuit die koffiewinkel of die kiosk, nes elkeen sou verkies. Vryheid om te spandeer soos u wil. Die bedrag moet wel binne elke betrokke maand opgebruik word en kan nie oorgedra word as u op verlof gaan nie.

Die tweede (Opsie 5) is vir ’n vaste bedrag waarvoor mens dan niks sou kry en ook geen enkele verpligting sou hê nie. Koop jou los van die kombuis. Dit sou ongeveer R300-R350 kan kos. In hierdie geval kry jy niks en is ook verplig tot niks. Maandeliks betaalbaar en ook nie oordraagbaar nie.

Daar is toe gevra om te kies tussen Opsie 4 en Opsie 5 as dit al opsies sou wees. Daar was baie beperkte steun vir enige van die twee opsies. My verwagting was dat veral opsie 4 sterk steun sou kry.

Toe is daar gevra om te kies tussen wenner van eerste drie opsies of wenner van laaste twee opsies en dit was, weer met opsteek van hande, baie duidelik dat die voorkeur by ons inwoners lê by ‘n verpligte ete opsie (opsie 2 of 3). Dit is ook duidelik dat alle verskaffers ’n aflewerings fooi as onvermydelik sien. Aanduidings was van R6 tot R10 per eenheid. Onderhandeling oor ‘n finale prys vir aflewering is egter aangedui as onderhandelbaar. Daar sal uitsonderings wees vir die wat nie mobiel is nie. Afgelewerde etes sluit sap en koffie uit. Dis net nie so vars as by die aansitetes nie.

Klagtes ten opsigte van afgelewerde kos is volgens alle verskaffers altyd baie meer en word ook dikwels te laat ontvang om reg te stel. Formele tenders sal aangevra word gedurende September waarna ’n aanstelling gedoen sal word.

## NUWE “APP” VIR U FOON

Daar word ook voorsien dat ons vanaf 1 Maart 2023 ’n toep (APP) op u foon beskikbaar sal hê. U sal dan u spyskaart daar kan sien, u sal u etes daar kan bespreek in die gerief van u huis. Addisionele etes, koffie, koek, toebroodjie sal ook vanaf die koffiewinkel bespreek en bestel en betaal kan word. Vir hulle wat nie digitaal tred gehou het nie sal bestaande metode steeds beskikbaar wees.

## HONDEBOMME

Daar word ook net weer ’n beroep op ons honde eienaars gedoen om die “honde bomme” op te tel. Daar is steeds gereelde probleme en klagtes in die verband van ons ander inwoners. Ons is op die spoor van twee mense en ons optrede teenoor hulle sal ernstig wees. Dis uiters onbedagsaam teenoor ander inwoners.

## DIE KANAAL

Die kanaal is skoongemaak nadat daar die afgelope seisoen baie modder en slik en selfs klippe versamel het. Dit behoort die vloei aansienlik te verbeter vir die komende seisoen. Die kanaal behoort aan die munisipaliteit en is nie ons eiendom nie. Daar is ook kommunikasie met die munisipaliteit ten opsigte van hul pligte vir die skoonhou van die kanaal ten suide van ons, om opdrifsels te verminder.

**SAV**

Daar gaan binnekort weer ’n spesiale algemene vergadering wees, oor ’n verandering in reëls wat allerlei onwettige strukture sal wettig. Ook sal dit verdere duidelikheid gee ten opsigte van eklusiewe gebruik areas. Verder sal besluite geneem moet word oor veranderinge aan eenhede waar daar ’n toename was in hul deelplanne. Ook oor moontlike veranderinge/verbeteringe aan die kombuis

**WAS VAN VENSTERS**

Die woonstelle se vensters op die drie boonste verdiepings sal in September weer aan die buitekant gewas word. Vanweë Covid saam met oorsig was dit nie onlangs gedoen nie.

**ONS DIGITALE WÊRELD**

Daar sal binnekort ook ’n Bougainvilla Aftree-oord promosievideo beskikbaar kom. Dit sal onder andere ook op YouTube en die oord se e-posse verskyn. Ons het ook ’n webblad met adres “www.bougainvilla - aftreeoord.co.za” en ’n Facebook blad met die naam “Bougainvilla- aftreeoord” Ons wil vra dat u en u kinders en familie ons Facebook blad sal “like”. Ons het reeds ongeveer 880 mense wat ons Facebook blad volg. Op Google maps word ons oord ook duidelik aangetoon. Daar is plek om kommentaar te lewer oor ons oord. Daar is reeds meer as 260 kommentare. Dis ’n ideale plek om ons oord  se beeld te bevorder. Dit sal beslis ’n bydrae kan  maak tot die positiewe styging in die waarde van ons eiendomme.

**GESUIWERDE WATER**

In beginsel het die direksie besluit dat skoon gefiltreerde water in die oord beskikbaar gestel sal word. Dit sal ons inwoners in staat stel om 5lt bottels op ons terrein vol te maak. Detail word tans ondersoek.

**ETEKAARTJIES**

Elke eenheid behoort ’n ete kaartjie te hê. Indien u nie een het of steeds nie een het nie, rapporteer by die kombuis kantoor. Die kaartjie behoort binne ’n week uitgereik te word. Dit stel u in staat om u eie bestellings in te sleutel op ons stelsel, ook na ure. U sal dan ook self wysigings (ten minste 24 uur voor die volgende ete) kan aanbring.

JAN BUTER

VOORSITTER HEV DIREKSIE